VIERDE KWARTAAL REEKS 2023
WEEK 2: OORGAWE DINKAMIKA EN DIE NALATENSKAP DAARVAN.

Open julle byeenkoms met gebed.

Moontlike inleidende vrae:
- Vertel van iemand wat jy ken of dalk geken het wat ’n goeie *legacy* gelos het.
- Wat maak dat ons iemand onthou of dalk nie onthou nie?
- As jy insette kon hê in jou eie doodsberig, wat sou jy graag wou hoor?

Watter deel van Sondag se erediens - moontlik ‘n lied, ‘n woord, ‘n vers of ‘n moment - het God gebruik om met jou te praat?

Lees 2 Timoteus 2:1-13

- Wat laat die Heilige Gees jou nou uit hierdie teksgedeelte hoor?
- Watter deel van die teks weeg nou vir jou die swaarste?
- Hoekom dink jy dra dit vir jou soveel gewig?

Tydens die erediens het ons gehoor dat Paulus vier voorstelle maak vir iemand om ’n positiewe nalatenskap te los, hulle is:

1. Oorweeg die rol wat genade in jou lewe en jou nalatenskap speel (2 Tim. 2:1);
2. Dink aan die impak wat jou woorde op iemand het (2 Tim. 2:2);
3. Hou jou fokus reg in die lewe (2 Tim. 2:3-6);
4. Heroorweeg die behoefte aan wysheid in jou lewe (2 Tim. 2:7).

Dink saam oor die volgende:
- Stem julle saam dat genade ’n rol speel in jou nalatenskap?
- Was daar iemand wat vir jou die geskenk van genade gegee het wat ’n groot rol in jou lewe gespeel het?
- Ons lees in Jakobus 3 oor die krag van jou tong. Hoe help ons mekaar om seker te maak dat dit wat ons sê vir die Here aanneemlik is (soos wat ons lees in Ps. 19:15)?
- Watter maatreëls het jy in jou lewe ingebou om seker te maak dat jy fokus behou in die wedloop van die lewe?
- Hoekom sou julle sê is dit nodig om wysheid van die Here te bid soos wat ons lees in Jak. 1:5?

Ons het in die eerste week gehoor wat OORGAWE DINAMIKA beteken. Ons het na die beeld in Johannes 15 gaan kyk waar Jesus praat oor die Wingerdstok wat afhanklik is van die boer en die lote wat afhanklik is van die wingerdstok. Sonder die wingerdstok kan die lote nie vrug dra nie. Hoe help 2 Tim. 2:1-13 jou met die OORGAWE DINAMIKA?

Na alles waaroor ons gesels het, wat sal jy wil hê moet mense van jou onthou wanneer jy nie meer deel is van hulle lewe nie?

Gee geleentheid vir gebedsversoeke en sluit met gebed in die groep af.